 BURGER 24 Mei 1939

# ARGENTYNERS VERTEL VAN LEWE OOR SEE

## Sport en Gesellige Verkeer op Sy Spaans

## MAAR BLY OM TERUG TE WEES IN DIE SONSKYN

„SOMOS verdaderos africanos", was die antwoord van 'n Afrikaanse senorita wat Saterdagaand uit Argentinië aangekom het toe sy gevra is of hulle al heeltemal tuis in Suid-Afrika voel — Ons is ware Afrikaners.

**Almal het haar antwoord onderskryf, veral omdat „die son hier in die winter skyn en die wind nie waai nie."**

Toe aan hulle verduidelik is dat dit darem nie elke dag so mooi sonskyn sal wees nie, was die beskeid dat dit nie hier kouer kan wees as in hul geboorteland nie

Die jong mense het al geleentheid gehad om kennis te maak met 'n aantal studente van die Universiteit van Kaapstad en kan maar nie genoeg vrae beantwoord oor die lewe in Suid-Amerika nie. Hierdie vrae het gegaan oor studie, gesellige verkeer, sport en honderd ander dinge waarin jong mense belangstel.

Onder die geselskap Afrikaners wat Saterdagaand aangekom het, is twee puik rugbyspelers. Albei het in senior ligas in Argentinië gespeel. Hulle is geesdriftige ondersteuners van die spel en speel reeds van hul kinderjare af Hulle het egter erken dat die Suid-Afrikaners nie juis daar in die spel uitgeblink het nie.

## KAAPSTAD ALTE MOOI

### STUUR HERFSBLARE NA ARGENTINIË

Die Argentynse Volkslied het gistermiddag in die strate van Kaapstad

### PERDESPORT

Behalwe voetbal word daar ook baie tennis gespeel. Baie Argentynse boere het tennisbane op hul plase, terwyl sommige ook goeie swembadde het. Van die jong Afrikaners is daar ook 'n aantal wat kranige gholfspelers is.

Die Afrikaners se eintlike sport waarin hulle uitblinkers was, is perdesport. Sowel die mans as die meisies is uitmuntende ruiters en die jaarlikse sportbyeenkomste wat in die verlede daar gehou is, het baie belangstelling geniet.

Argentinië is beroemd vir sy buitengewoon goeie perde, en 'n ryperd was die trots van elke Afrikaner daar. Mans het niks daarvan gemaak om in 'n naweek 80 myl ver na 'n vriendin te ry nie. Die motor het egter in later jare die perd vervang. Maar die paaie is betreklik sleg, sodat die jong kêrels in baie gevalle nog maar van hul ryperd gebruik moes maak om te gaan kuier.

Wat die gesellige verkeer betref, is die Argentyners baie lief vir dans. Hulle is uitmuntende musikante en dansers.

### SANG

Die gewildste dans in Argentinië is die tango, maar ook die wals en die jakkalsdraf is daar nie onbekend nie. Behalwe hierdie danse is daar die Argentynse dans, die „Ranchera." Die grootste danspartye word daar Sondagaande gehou, 'n instelling wat egter nie die goedkeuring van die Afrikaners weggedra het nie.

Hoewel heelwat Afrikaanse liedjies aanvanklik daar gesing is, het hulle mettertyd op die agtergrond geraak en het die Afrikaners saam met die Argentyners Spaanse liedjies gesing. Ook daar het die Afrikaners nie baie liefde vir die sang openbaar nie. Die Argentyners sing baie en sing goed.

Vroeër het daar goeie Afrikaanse kore bestaan, en veral by geleentheid van die groot kermis elke jaar is heelwat gesing. Hierdie kermis of kerkbasaar is gewoonlik deur elke Afrikaner wat dit enigsins kon doen, bygewoon. In die vroegste jare het gesinne met waens na die kermis gekom, maar die waens is later deur motors vervang.

### HUWELIKE

weerklink. Die geselskap Afrikaners wat Saterdagaand uit Argentinië aangekom het, is gistermiddag deur die Armesorgkommissie van die Ned. Geref. Kerk met twee groot spoorwegbusse op 'n uitstappie om Tafelberg geneem.

Kort nadat die busse van die losieshuis waar almal bymekaar gekom het, vertrek het, het die jongspan Spaanse liedjies, waaronder ook die Argentynse Volkslied, begin sing. 'n Dogtertjie het beswaar gemaak teen die sing van die Volkslied, omdat hulle nie in die bus kon staan om dit te sing nie.

Die uitstappie het al langs die see tot by Houtbaai gegaan en van daar oor Constantianek terug na die stad. Op 'n aantal plekke is stilgehou en het die geselskap die geleentheid gekry om die omgewing beter te beskou.

„Dit was 'n droom," het 'n lid van die geselskap by hul terugkoms in Kaapstad opgemerk.

### ALTE MOOI

Die jongspan het heelwat gesien waarvan hul ouers hulle in Argentinië vertel het. Die Twaalf Apostels het baie belangstelling gewek, terwyl die groot branders op die rotse telkens uitroepe van bewondering uitgelok het. Ook het die gehalte van die kuspad by die ouer lede van die geselskap baie gunstige kommentaar uitgelok.

By die stilhouplekke is herfsblare gretig versamel om aan maats in Argentinië te stuur. 'n Paar dogtertjies het verklaar dat hulle nou dadelik aan hul maats in Argentinië moet skryf om te vertel van alles wat hulle gesien het.

Die ou ooms het die gehalte van die veld en die ooreenkoms wat sommige plekke met plekke in Argentinië vertoon, bespreek. Die wingerde van Constantia in hul herfsgewaad het baie bewondering uitgelok.

Verskeie Afrikaners van die stad, asook ds. en mev. A. D. Luckhoff en ds. D. R. van Huyssteen, het die geselskap vergesel. By hul terugkeer is almal deur mev. Greeff by haar woning in Breestraat op koffie getrakteer.

bestaan, en veral by geleentheid van die groot kermis elke jaar is heelwat gesing. Hierdie kermis of kerkbasaar is gewoonlik deur elke Afrikaner wat dit enigsins kon doen, bygewoon. In die vroegste jare het gesinne met waens na die kermis gekom, maar die waens is later deur motors vervang.

**HUWELIKE**

Die jong Afrikaners in Argentinië ken swaar werk. Vandat hulle die skool verlaat, moet hulle maar skouer aan die wiel sit. Die boerdery vereis heelwat werk en aan bediendes val daar nie te dink nie. Die meeste jong Afrikaners wat daarvandaan kom, is gesonde en sterk kêrels.

Die groot vraagstuk daar was nie, soos in die ou dae aan die Kaap, om vroue vir die mans te kry nie, maar om mans vir die vroue te kry. Gewoonlik was daar byna twee maal soveel meisies as kêrels, sodat elke man maklik geholpe geraak het.

In die meeste gevalle het hulle taamlik jonk getrou. Die gemiddelde ouderdom vir 'n meisie om te trou was 18 tot 20 jaar, terwyl die mans gewoonlik 'n paar jaar ouer was. Die huisgesinne was gewoonlik aansienlik.

'n Groot aantal Afrikanerdogters is met Argentyners getroud. Aanvanklik het dit baie teenstand van die ouers uitgelok en het dit soms tot verwydering tussen ouer en kind gelei. Hierdie gevoel het mettertyd verdwyn. Die Afrikaners het egter nog altyd teen die geloofsverskil opgesien. Sommige Argentyners wat met Afrikanervroue getroud is, kan 'n gebrekkige Afrikaans praat, maar hul kinders praat in die meeste gevalle slegs Spaans.

**ROOK**

Byna alle Afrikaners wat uit Argentinië kom, kan ook goed Engels praat. Om sekere betrekkings, soos b.v. in die bank, te kry, is Engels verpligtend. In die skole word behalwe aan taalstudie heelwat aandag aan die studie van geskiedenis gegee.

*(Vervolg in volgende kolom)*

vertoon, bespreek. Die wingerde van Constantia in hul herfsgewaad het baie bewondering uitgelok.

Verskeie Afrikaners van die stad, asook ds. en mev. A. D. Luckhoff en ds. D. R. van Huyssteen, het die geselskap vergesel. By hul terugkeer is almal deur mev. Greeff by haar woning in Breestraat op koffie getrakteer.

# POOLSE PIANIS KOM NA UNIE

Arthur Rubinstein, die beroemde Poolse klavierspeler, wat môre met die Winchester Castle uit Engeland in Kaapstad aankom, sal Vrydagaand sy eerste konsert in die Unie in die Alhambra-teater hou.

Rubinstein is bekend as een van die grootste pianiste van ons tyd. Daarby het hy reeds byna die hele wêreld deurreis tydens sy musiekloopbaan.

Die program van Vrydagaand sluit in: „Toccata" (Bach-Busoni); Simfoniese Studies (Schumann); „Barcarolle," twee Mazurkas, 'n Nocturne en 'n Polonaise (Chopin); Voorspel tot die „Ondine" (Debussy) en „Die Vuurdans" (De Falla).

*(Vervolg van voorgaande kolom)*

Vandat daar nie meer 'n predikant van die Hollandse Kerk is nie, is die byeenkomste van Afrikaners in Argentinië baie verwaarloos en het hulle 'n bietjie los van mekaar geraak. Voorheen was hulle soos een groot familie.

Die jong Argentynse Afrikaners kan nog nie heeltemal op stryk kom met Suid-Afrikaanse sigarette nie. Sommige van hulle het reeds byna alle soorte probeer ten einde in staat te wees om 'n keuse te doen.

In Argentinië word nie baie pyp gerook nie. Die Afrikaners was nog baie geheg aan hul pype, maar die Argentyners self rook baie selde pyp. 'n Man wat 'n pyp rook, word deur die Argentyners as 'n „Engelsman" bestempel.